




2023 VAKWERKBOEK

Graad 12



AFRIKAANS HUISTAAL

'n Gemeenskaplike inisiatief tussen die Wes-Kaap Onderwysdepartement en die Universiteit Stellenbosch.



UITSENDINGESSIES

GRAAD 12

'n Voorgeskrewe gedig

Sessie	Datum	Tyd	Onderwerp
1	23/01/2023	15h00-16h00	Gedig: Die bokser (Ernst van Heerden)

Liewe Graad 12-leerder

Jy is in die laaste jaar van jou skoolloopbaan. Veels geluk en baie sterkte daarmee!

In hierdie telematiese uitsending gaan 'n les oor die voorgeskrewe gedig *Suiwer wiskunde* aangebied word.

Hierdie Werkboek bevat definisies en voorbeelde van letterkundige middele asook voorbeelde van kontekstuele vrae en 'n opstelvraag oor die gedig.

Die les sal aangebied word aan die hand van die leerwerk en oefeninge wat in hierdie bronmateriaal saamgevat is.

Bring jou skryfboek vir Vraestel 2 en die Werkboek saam na die Telematiese uitsending. Jy kan die Werkboek ook gebruik wanneer jy vir toetse en eksamens oor gedigte voorberei.

Die sukses van die projek, en ook jou eie sukses, sal afhang van hoe jy aan die onderrig deelneem en hoe jy in jou studietyd verder sal werk aan dit wat in die onderrig na vore gekom het.

Alles van die beste.

C. J. Banda
Senior Kurrikulumbeplanner: Afrikaans (VOO)
Oktober 2022



INLEIDING

Teen hierdie tyd weet jy al dat elke woord, elke oop spasie en elke leesteken in 'n gedig met 'n bepaalde doel gebruik word. Alles wat in die gedig staan, is dus belangrik wanneer ons wil verstaan waaroor die gedig handel en wat die boodskap van die gedig is.

Wanneer ons 'n gedig ontleed, probeer ons dit "uitmekaar haal" om sodoende vas te stel hoe alles "inmekaar steek".

Om 'n gedig te verstaan, moet jy twee vrae kan beantwoord:

1. WAT sê die gedig?
2. WAARMEE/ HOE word dit gesê?

Die eerste vraag handel oor die **storie/ inhoud, tema** en **boodskap** van die gedig. Die tweede handel oor die **literêre middele** wat gebruik word om die storie/ inhoud, tema en boodskap oor te dra.

In toetse en eksamens moet jy veral die volgende t.o.v. literêre middele kan doen:

- **identifiseer/ uitken/herken:** byvoorbeeld *Benoem die beeldspraak/ stylfiguur/ retoriese middel/ klankeffek in versreël 5.*
- **verduidelik wat dit beteken:** byvoorbeeld *Wat beteken die metafoor/ vergelyking/ oksimoron in strofe 2?*
- **verduidelik die funksie** (waarom dit gebruik word): byvoorbeeld *Wat is die funksie van ...? Waarom is die .. effektief/ funksioneel?*

Hierdie werkboek bevat definisies en voorbeelde van sommige literêre middele wat in die voorgeskrewe gedigte vir graad 12 voorkom. Jy moet die definisies leer, vasstel in watter gedigte die literêre middel voorkom en wat die funksie daarvan in elke gedig is.

By sommige literêre middele word enkele algemene funksies verskaf. Dit is egter belangrik dat jy moet weet wat die **spesifieke funksie** van 'n literêre middel in 'n bepaalde gedig is.



TERMINOLOGIE

Term	Definisie
Tema	Die tema is die sentrale idee of hoofgedagte van die gedig
Boodskap	Die boodskap is gewoonlik die lewensles wat 'n leser uit die gedig aflei.
Halfrym: alliterasie	herhaling van dieselfde konsonant in 'n versreël
Halfrym: assonansie	herhaling van dieselfde vokaal in 'n versreël
Beeldspraak	Metafoor, Personifikasie, vergelyking
Kontras/ Teenstelling/ Antitese	Twee dinge met teenoorgestelde betekenis/eienskappe staan teenoor mekaar. Die lief en die leed van ons gesin gryp mense se verbeelding aan.
Ironie	Die teenoorgestelde as wat 'n mens verwag het, word gesê of gebeur
Paradoks	'n Stelling (gewoonlik in 'n sin of lang frase) wat 'n skynbare teenstrydigheid bevat, bv. <i>Stilbly is 'n antwoord.</i>
Klanknabootsing/ Onomatopoeë	Die gebruik van woorde om klanke na te boots. <i>Doef, val die sponskoek op die vloer.</i>
Alleenplasing/ uiteenplasing/ tipografiese skeiding	Woorde word alleen in 'n versreël geplaas
Polisindeton	Herhaalde gebruik van voegwoorde, ter wille van beklemtoning
Retoriese middels	Middels soos pouses en herhaling wat deur 'n digter gebruik word om doeltreffend te oortuig.



TERMINOLOGIE

Term	Definisie
Enjambement	<ul style="list-style-type: none"> ▪ Dit kom voor wanneer een versreël sonder enige leestekens in die volgende versreël oorgaan <ul style="list-style-type: none"> ○ Dit versteek/verdoesel die rym ○ Dit kan die tempo versnel of vertraag ○ Dit maak die gedig vloeiend ○ Dit suggereer beweging ○ Dit dien as bindmiddel tussen versreëls en tussen strofes.
Klankeffekte	alliterasie en assonansie, rym, ritme, klanknabootsing
Diksie / Woordkeuse / Taalgebruik	Digters gebruik gepaste, beskrywende en stemmingsvolle woorde, frases en uitdrukkings in hulle digkuns. Die woordkeuse pas by die tema van die gedig. Diksie kan die houding van die spreker openbaar en kan met die toon in verband gebring word.
Stemming	Dit is die atmosfeer of emosie in geskrewe tekste, byvoorbeeld vergesog, vreesaanjaend, misterieus, gefrustreerd, romanties, somber, sentimenteel, gelukkig, depressief of opwindend.
Retoriese vraag	'n Vraag waarop die antwoord nie verwag word nie of die spreker beantwoord dit self.
Wending	Die inhoud van die gedig verander.
Progressie	Daar is ontwikkeling in die tyd of in die verloop van gebeure of in die verhouding van mense.
Oksimoron	Twee teenoorgestelde begrippe hou direk verband met mekaar (bv. <i>Siende blind en horende doof</i>).
Figuurlike betekenis	Woorde of frases wat figuurlik gebruik word om 'n sekere trefkrag/effek of konnotatiewe betekenis te hê
Letterlike betekenis	Die eenvoudigste, mees direkte betekenis van 'n woord (woordeboekbetekenis)
Strofebou	<p>koeplet: 'n strofe wat uit twee versreëls bestaan</p> <p>tersine: 'n strofe wat uit drie versreëls bestaan</p> <p>kwatryn: 'n strofe wat uit vier versreëls bestaan</p>



Gedig en opdrag

Die bokser – Ernst van Heerden

1. Die grense van die klein kryt
2. is hellende onvastigheid.

3. waar wit bors fier teen wit bors staan
4. en skim teen skim die skynhou slaan;

5. die lyf word wieging - ritmies, sterk -
6. tot skerm en liemaak ingeperk;

7. vier donker oë blits fel en woes,
8. wyl twee gedaantes mik en koes;

9. maar elke groteske vuis se smak
10. laat lis en weerstand verder knak ...

11. die liggaam is so rank gebou
12. en weerloos teen dié man se hou;

13. tog sal my mokerslag hom tref
14. waar hy hom vaag en grynsend hef,

15. sy beeld versplinter in die glas
16. waar netnou my gestalte was;

17. 'n flikker-weerskyn word verskerf,
18. 'n lyf stort soos 'n koring-gerf ...

19. Wie is die man wat roerloos lê,
20. wie't 'n bekende naam gesê?

21. Waarom die skaar aan't roep en fluit,
22. en waarom flakker ligte uit ...?



[Uit: *Groot Verseboek*, Tafelberg]

Opdrag:

In die gedig *Die bokser* wissel die spreker se rol van toeskouer tot deelnemer tot iemand wat uiteindelik self waargeneem word.

Bespreek hierdie stelling in 'n opstel van 250 – 300 woorde.



'n Kort ontleding van die gedig

Strofe 1:

Hier word die ruimte waar die gebeure plaasvind, beskryf. Letterlik is dit 'n beperkte, afgebakende gebied waarbinne die geveg plaasvind. Figuurlik dui dit op beperkings en reëls waar die geveg van die lewe plaasvind.

Strofes 2, 3 en 4:

Hier word die skyngeveg van die bokkers waargeneem. Die twee bokkers slaan aan die begin net voel-voel, voordat die werklike harde houe begin. Hulle probeer mekaar flous, al is daar ook tekens van aggressie.

Strofes 5:

Die woord "maar" aan die begin van versreël 9 dui 'n wending aan: Die skyngeveg word nou 'n werklike geveg.

Strofes 6 tot 9:

Die spreker verwys begin betrokke raak. 'n "rank" liggaam is 'n lang, slanke liggaam. Die bokser se liggaam is dus kwesbaar en weerloos teen sy opponent. Uit strofe 8 blyk dit dat die bokser gedisoriënteerd is: hy is nie seker of hy teen 'n eksterne, groter mag of net teen homself veg nie. Die vergelyking in versreël 18 dui aan dat die bokser se lyf op die krytvloer val "soos 'n koring-gerf" wat val as dit afgesny/afgekap word.

Strofes 10 en 11:

Die retoriese vrae (versreëls 19 tot 22) betrek die leser by die gebeure. Dit dui ook aan dat die bokser nou waargeneem word: die vrae word oor hom gestel. 'n Buitestander is nou aan die woord. Aan die einde wen die teenstander die boksegeveg. Figuurlik gesproke is dit die mens wat die geveg teen die lewe verloor.

Uiterlike bou: Die gedig bestaan uit 11 koeplette. Die soort rymskema in die koeplette is paarrym.

Innerlike bou: Die gedig handel oor aksies en reaksies.

- Versreëls 1 tot 10 spreker is objektief. Hy neem slegs as buitestander waar.
- Versreëls 11 tot 12 die spreker verwys na die liggaam en begin betrokke raak.
- Versreëls 13 tot 18 die spreker is subjektief. Hy raak fisies betrokke by die geveg.
- Versreëls 21 tot 22 die bokser is bewusteloos en 'n buitestander vertel die storie.

Die **tema** van die gedig is die **weerloosheid** en **aftakeling** van die mens.

Moontlike **boodskappe** van die gedig:

- Die lewe is eintlik maar 'n boksegeveg en die dood is uiteindelik die wenner.
- Die mens is weerloos teen die aanslae van die lewe.



Hoe om die opstelvraag te benader

Stap 1: Ontleed die vraag om te bepaal waaroor jy moet skryf.

*In die gedig **Die bokser** wissel die spreker se rol van toeskouer tot deelnemer tot iemand wat uiteindelik self waargeneem word.*

Bespreek hierdie stelling in 'n opstel van 250 – 300 woorde.

“**wissel die spreker se rol**”: die rol van die persoon wat aan die woord is verander deur die loop van die gedig

“**toeskouer**”: kyk van buite / van ver af na mense wat boks

“**deelnemer**”: hy boks nou selfs

“**iemand wat waargeneem word**”: ander mense kyk nou na hom

“**waarneem**”: sien/ agterkom

Stap 2: Skryf die opdrag in jou eie woorde neer


Ek moet skryf oor wat die spreker waarneem as hy 'n toeskouer is; wat hy ervaar as hy self aan die boksgeveg deelneem; waarom hy aan die einde waargeneem word; en wat ander mense sien wanneer hulle na hom kyk.

Stap 3:

Skryf die eerste weergawe (rofwerk) van die opstel – agter in antwoordeboek

Stap 4:

Onthou dat jou opstel uit **argumente** moet bestaan. Die basiese struktuur van 'n argument is:



Stap 5:

Gebruik die volgende skryfwyses:

- Die spreker noem reeds in versreël 1, bv. ‘klein kryt’ dat ...
- In versreël 8 dui “mik en koes” op ...
- Begin met die aanhaling: bv. “'n lyf stort soos 'n koring-gerf” (versreël 18) wys daarop dat ...

Stap 6:

Onthou ook:

- **Inleidende sin**
- **Paragrafe** (Die aantal paragrawe word deur die vereistes van die vraag bepaal.)
- **Slotsin**
- Verwysing na besonderhede in die gedig moet spesifiek wees.
- Moenie veralgemeen of “gorrel” nie. Sorg dat jy die literêre begrippe kan raaksien en in jou opstel kan gebruik, bv. beeldspraak, stylfigure, retoriese middels, rym.

Stap 7:

Skryf die **finale stuk** oor en **proeflees** dit.



'n Moontlike antwoord van die opstelvraag

Die spreker was aanvanklik 'n onbetrokke waarnemer, maar weens sy latere deelname eindig hy as 'n verslane bokser.

Volgens strofe 1 neem die spreker die kryt waar waarbinne die bokser ingeperk is ("grense"). Die kryt is nie stabiel nie; dit dreig om om te kantel, soos gesuggereer deur die woorde "hellende onvastigheid" (versreël 2).

Volgens strofes 2 tot 4 neem die spreker as buitestander waar hoe die boksers se wiegende lywe betrokke is in 'n oefengeveg waartydens hulle mekaar probeer flous.

Die woord "maar" in strofe 5 dui aan dat die spreker 'n wending waarneem: die skyngeweg het tot die werklikheid oorgegaan. Die gevolg is dat die boksers se sluheid en weerstand skade oopdoen: "lis en weerstand verder knak" (versreël 10).

In strofe 6 wissel die spreker se warneming van die algemene na die spesifieke. Waar daar in strofe 2 "skim teen skim", in strofe 3 "die lyf" en in strofe 4 na "gedaantes" waargeneem is, is daar in strofe 4 'n spesifieke verwysing na "dié man" (versreël 12).

Uit die woord "weerloos" (versreël 12) kan afgelei word dat die spreker verdere agteruitgang van die bokser waarneem: vanaf "weerstand knak" in versreël 10 tot "weerloos" in versreël 10.

In strofe 7 word die spreker 'n deelnemer. Dit word aangedui deur versreël 13: "tog sal my mokerslag hom tref". Nou is die spreker subjektief betrokke by die boksgeveg.

Strofe 8 impliseer dat die spreker met homself of met sy dubbelganger in 'n geveg verkeer. Dit word gesuggereer deur die woorde "sy beeld .../ waar netnou my gestalte was" (versreël 15 en 16).

Die spreker se nederlaag word aangedui deur die woorde "versplinter" (versreël 15), "verskerf" (versreël 17) en ook deur die vergelyking in versreël 18: "'n lyf stort soos 'n koringgerf ..."

In strofes 10 en 11 word die spreker die waargeneemde. Hy is nou bewusteloos en 'n buitestander is aan die woord. Die retoriese vrae van die buitestander word oor die verslane spreker/bokser gevra. Hy word waargeneem waar hy nou "roerloos" (versreël 19) lê en sy lewenslig ook besig is om uit te "flakker" (versreël 22).



OPSOMMING VAN VANDAG SE LES

Opsomming 01

Om 'n gedig te verstaan, moet jy weet:

1. WAT sê die gedig?
2. WAARMEE/ HOE word dit gesê?

Opsomming 02

Kan jy die literêre middele in 'n gedig uitken, verduidelik wat dit beteken en wat die funksie daarvan is?

Opsomming 03

Ontleed die opstelvraag om te bepaal waarvoor jy moet skryf.

Opsomming 04

Skryf die opdrag in jou eie woorde neer.

Opsomming 05

Jou opstel moet uit argumente bestaan.

Opsomming 06

Die formaat van jou opstel is: inleiding, paragrawe en 'n slot.

